

**Vrydag 31 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 149**

**Fokusgedeelte: Psalm 149:4**

### **Die Here kroon die hulpeloses**

**I**srael sing 'n nuwe lied. Hulle het die Here met die lied geëer, want Hy het hulle gered. Hulle was swak en hulpeloos, maar God het hulle daarvan verlos.

Die digter sê nie wat hulle hulpeloos gelaat het nie. Miskien was dit 'n oorlog of ballingskap.

Hulle bring eer aan hulle Maker en Koning, want Hy is 'n goeie Koning wat hulle red van hulle vyande en sorg dat hulle in vrede kan leef.

Hulle is gemotiveer om die stryd verder aan te sê. Hulle is gewapen met tweesnydende swaarde. Hulle besef dat dit nie hulle stryd is nie. God het reeds die uitkoms daarvan vasgestel en Hy gebruik hulle om die stryd te voer. Hulle prys Hom daarvoor.

Hierdie Psalm wys vooruit na die grootste verlossing van alle tye. Jesus Christus het mens geword om hulpeloses, afhanklikes, treurendes, sagmoediges, hongeriges en dorstiges te red (vgl. Matt. 5: 1-12). Hy het die hoogste prys betaal om ons te red. Hy is aan 'n kruis vasgepyker en deur God verlaat om elke hulpelose wat na Hom toe vlug, te red.

Ons Here het oorwin en die duiwel se grootste wapen, die dood, van hom weggevat. Hy het die dood oorwin, opgevaar na die hemel en heers nou as Koning. Die duiwel is besig met sy laaste stuiptrekkings voordat die stryd finaal afgehandel. God rus ons toe vir die stryd. Hy gee vir ons die swaard van die Gees, die woord van God (Ef. 6:17) om onself te verdedig, maar ook om die duiwel aan te val. Ons val aan deur die goeie boodskap aan hongeriges en dorstiges te bring. So breek God se koninkryk al meer deur.

Ons kan nou reeds 'n nuwe lied sing en God prys, want ons weet reeds wat die afloop gaan wees.

*Sing: Skrifberyming 14-3: 1, 3, 4*

*Ds. EJ de Beer (Edmund) (Laeveld)*